

NG Kerk in Oos-Kaapland

RINGSPROJEK-AANSOEKVORM

- Aansoeke om Ringsprojekte word, ter wille van billike evaluering, eenvormig op hierdie vorm ingedien.
- Die vorm help ringe, projekvoorstellers en projekteleiers al die ter sake inligting te verskaf.
- Die Ringsprojekplan is 'n dokument van voornemende optrede waarin aangedui word wat, hoe wanneer, vir watter doel en met watter bronne die projek van stapel gestuur word.
- Die Handleiding vir Ringsprojekte moet vooraf deurgelees word. Dit is op ons webblad beskikbaar by
- Die projekaansoek moet behoorlik onderteken word. Faks of pos die getekende voorblad wanneer die projek per e-pos ingedien word.
- **SLUITINGSDATUM:** Jaarliks op 30 September.

1. PROJEKNOMMER (Slegs vir kantoorgebruik)

10.15

2. BESONDERHEDE van PROJEK

Naam van Ring:


Port Elizabeth - Wes

Titel van Projek:

Hiis Place

3. BESONDERHEDE van PROJEKLEIER


Projekleier	
Naam:	Christo en Estelle Campher
Posadres:	Lateganrybaan 18, Rowallanpark, PE 6025.
E-pos:	hisplace.ministry@gmail.com
Faks:	
Tel. (k):	
Tel (h):	041 - 3711888
Selfoon:	082 515 2294


 Handtekening Projekvoorsteller

26.09.2012.
 Datum

4. PROJEK GOEDGEKEUR DEUR DIE RING

Hiermee bevestig ondergetekende (naam) DEEN V. STADEN, in my hoedanigheid as voorsitter / skriba van die Ring van PE - WES, dat hierdie projek op 20/9/2012 deur die Ring / Ringskommissie goedgekeur is.


 Handtekening Voorsitter / Skriba

20/9/2012
 Datum

5. Beskryf die DOEL / BEDIENING van die projek volledig:

Volledige uiteensetting en terugvoer
hierby aangeheg.

6. Beskryf die PERSONE, GEMEENTE, RING, TEIKENGROEP, INSTANSIE(S) wat by die projek sal baat en hoe dit hulle sal bevoordeel (indien nie reeds by pt 4 genoem nie)

7. Beskryf die STAPPE / FASES van die projek en die tydsverloop van elk

Stappe / Fases	Tydsverloop

Totale koste van die projek (pt 7.5.2 hierbo):	
MIN Bedrag beskikbaar uit ander bronne (7.5.1 hierbo):	
TOTALE BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word:	R 2000 - 00

Datum	Bedrag

Hierdie vorm is ontwerp om **per hand** ingevul te word. Vind dit by -
Die weergawe wat ontwerp is om **per rekenaar** ingevul te word, is by -

HP HI'S PLACE MINISTRY

~ Healing Ministry & Mission School ~

Postal Address: 18 Lategan Ave,
Rowallan Park, Port Elizabeth,
6025

Tell/Fax: 041 371 1888,

Cell: 082 515 2294

E Mail: hisplaceministry@gmail.com

Geagte : Ds Van Rooyen

Meer besonderhede .

Hi;s Place Ministry is eerstens 'n bediening wat deur die Here daar gestel is om die te help wat nie in normale omstandighede gehelp kan word nie. Daarom het die Here dit al in 2004 op my vrou se hart gele om sulke kinders te help, dit het begin met die wat brood vra en in 2005 het die Here spesifieke kinders aangewys wat sy in ons huis begin leer het.

Ons het begin besef dat ons huis te klein is en die volgende jaar 2006 die plek gekry waar ons nog steeds vandag in is. Hier word voorskool klasse aangebied, lees en skryf klasse en daarna volg hulle die leerplan wat tot matriek en kollege vlak strek ,deur die ACE leerplan in engels te gebruik.

Die afgelope 8 jaar het daar al min of meer 300 kinders die geleentheid gekry om hulle lewens te verbeter. Baie verlaat skool nadat hulle kan lees en skryf(alhoewel ons hulle probeer behou) en die hoogstes is tans in graad 6/7. Tans is daar 36 kinders ingeskryf afkomstig van alle rasse nie dat ras enigsens vir ons saak maak nie want ons neem almal in wat die Here op ons pad stuur.

Sondag 6 November 2005 het die Here op my hart gele waar ek dienste moet begin hou. Drie dae later op 9 november 2005 het ek dienste op 'n woensdag aand in die Kyga Gemeenskap Saal begin hou en saterdag in Yellowwood se

skoolsaal 20 km verder na Vanstadensbrug se kant toe .Elke diens word die mense uit die woord geleer wat die Here aan my voorsien het vir daardie spesifieke geleentheid en vir siekes gebid en Die Here maak hulle net daar en dan gesond .(Spr 53:5).Die gemeentelêde word ook die waarheid geleer oor tiendes en offers om so vry te kom van die vloek oor hulle lewens volgens Mal.3 :9 vir die wat dit wel begin toepas op hulle lewens.

Van die begin af het die Here gese dat ons nie na getalle moet kyk nie maar na die harte wat kom.Soos die woord se in 1Kor. 3 kan ons maar net plant en natmaak want net God kan laat groei. Om u 'n idee te gee kom daar so 20 tot 30 mense per diens,partykeer minder partykeer meer. Vanaf Maart 2007 word die dienste slegs op die perseel waar ons tans is gehou.(Kerk en Skool)

Almal in die Kerk word elke diens aangery en net so word die skoolkinders ook elke dag skooltoe aangery vanaf sekere punte.So u kan dink hoeveel geld ons net aan petrol spandeer.

Die personeel (uit die Kerk) wat ons tans het wat help in die skool is 4 wat maar R30.00 'n dag verdien.Sonder hulle kan ons nie doen wat gedoen moet word nie. My vrou self kry maar R20.00 'n dag en sy is die Hoof van die skool Ek myself het January 2009 voltyds begin werk vir die Here sonder salaris as Prediker en omdat daar nie genoeg geld is nie sny ek self die gras,onderhou die voertuie,hou 'n oog oor die skoolkinders en doen nog al die los werke wat gedoen moet word(handyman).

Baie hulp het al gekom en gegaan,maar ons dank die Here in 2010/11het 'n ou uit Kanada ons vir 8 maande lank kom help en Augustus die jaar het 2 Duitse meisie ons vir so 3 weke vrywillig kom help.

Alles wat ons doen vind slegs deur skenkings plaas en deur die genade van die Here.Daar is 1 Besigheid in P.E. wat ons R600.00 elke maand gee ,'n skool in Uitenhage en verder kom al die ander skenkings van my vrou se broer en sisters asook ons eie dogter. Dan is daar 2 persone wat so R100.00 elk in die bankrekening inbetaal en my vrou se ouers wat ons eie kind se skoolgeld betaal.

Die ander geld kom uit die tiendes en offers wat by die dienste ontvang word asook skoolgeld wat deur die kinders se ouers betaal word as hulle wel betaal bygese.

Deur die gelde wat geïn word,word die volgende uitgawes daarmee gedek ;

1. petrol 2. salarise 3. lazer en gewone ink 4. afrol papier 5. kragstuur olie vir lekkende kragstuur van kombi's 6. enjinolie vir kombi's se olie verbruik 7. Skryfbehoeftes bv. Potlode , groen,rooi,blou penne , prut kleeflint, uitvere , presstiek, tippex , liniale , skerpmakers , wondergom bladsy houers , 72 bladsy skryfboeke , ronde gekleurde plakkers ,ens. 8. water /,ligte en grondbelasting 9. gas 10. Onderhoud van voertuie 11. nuwe buitebande en herstel van lekkende bande 12. 2-slag olie 13, herstel van grassnyer en lemme. 14. randsnyer en tou 15. Konfyt vir brood 16. Soya, sop, sout en meel vir pap 17. Telefoon en cellfoon lugtyd 18. Voedsel vir ons eie gebruik omdat ons nie salaris ontvang nie. 19. Skoonmaak middels ,toilet papier ens. 20. Bywoon van lesings vir personeel 2 tot 3 keer 'n jaar waarvoor ons moet betaal, 21. Voertuig Lisensies 22. PDP Lisensies elke 2 jaar vir ons. ens

Dan is daar nog die 2 kombi's wat herstel moet word, maar op die oomblik moet ons meer konsentreer op die 2 wat wel loop se agteruitgang. Van die begin af het die Here gese gebruik wat julle het. Ek het my polise in die begin afgekoop en die geld wat ek verdien het toe ek nog gewerk het gebruik vir die werk van die Here tot en met nou wat ons totaal net van die Here afhanklik is.

Daarom dank ons die Here vir die Sinode se bydrae elke jaar want ons kon dit nog altyd gebruik om die ekstras mee te verrig waarvoor ons nie geld voor gehad het nie. Toe ek velede jaar sien dat daar vir ons vir R8000.00 begroot is was ek die Here baie dankbaar daarvoor want ek wou graag vanjaar die ander 2 kombi's aan die loop kry want hulle staan nou net en verwaarloos.

Soos in die vorige brief kon ek die R1000.00 wat ons ontvang het gebruik om die grassnyer se enjin mee oor te doen asook parte gekoop vir geslete onderdele van ons 2 lopende kombi's. So u kan sien dat die geld altyd positief aangewend word want ons kan net gebruik wat ons het, as ons nie het nie doen ons net eers die belangrikste dinge wat die skool en kerk aan die gang kan hou waarvoor die Here ons geroep het en moet die ander maar wag.

Ons is daar om die wat die Here op ons pad stuur 'n beter opvoeding te gee in die skool deur die bybelse leerplan wat vir hulle daar gestel is om te leer

lees en skryf en om hulle lewens verder te verbeter tot in matriek en in die Kerk deur die mense se lewens te verryk deur die lewende woord wat hulle ontvang deur dit toe te pas op hulle lewens en so 'n persoonlike verhouding met die Here te he. Dit is waarna ons strewe deur te doen wat ons doen sodat niemand eendag as hulle voor die Here neerkniel sal kan se hulle het nie die geleentheid gekry nie. Dit hang egter van hulle self af of hulle die geleentheid wat die Here vir hulle daar stel aangryp of nie. Ons doen ons bes dat hulle dit wel moet doen en die eindstreep bereik.

Ek hoop die brief gee u 'n beter insig oor ons doen en late in Hi's Place en nooi u uit om self ook hier te kom besoek afle om vir u self te sien wat ons doen en sodoende 'n beter prentjie vir u self te skep.

Baie Dankie vir u belangstelling, bydrae , ondersteuning en gebede . Dit word opreg waardeer.Die Here seen u met Ps.20 : 4,5. Dra ook asseblief ons opregte dank oor aan die Sinode.

Liefde in Christus

Christo en Estelle Campher